

Ter voorbereiding van die intog

Die volk is terug by Kades waar hulle weggedraai het om veertig jaar lank deur die woestyn te swerf. Voordat hulle die beloofde land ingaan, tref twee groot dinge hulle. Eers sterf Mirjam die suster van Moses en Aäron. Sy was 'n besondere mens en 'n gelowige leier van die vroue. Dink maar net aan haar optrede by die Rietsee. In haar het die volk 'n groot steunpilaar verloor. Die Here voorsien altyd aan sy kerk besondere leiers – manne én vroue.

Die tweede ramp wat die volk getref het is dat die water opgeraak het. Die fontein het opgedroog. Die reënseisoen was verby. Wat nou maak? Het hulle te lank hier vertoef?

Die Here het met alles 'n doel. Die leiers en die volk moet leer om die Here volkome te gehoorsaam en te vertrou wanneer hulle nou die beloofde land ingaan.

Moses en Aäron was nie gehoorsaam nie en het God dus nie geëer nie. Daarom moet hulle nou plek maak vir nuwe leiers. Al het ons die Here hoe wonderlik oor baie jare gedien, moet ons tot die einde gehoorsaam en eerbiedig bly. Dis wat God van ons eis.

Die volk word met dié gebeurtenis in die Here se almag versterk – hier waar hulle vlak voor hul toetrede tot die beloofde land staan en baie oorloë sal moet gaan veg. Só versterk die Here ons op die regte tyd wanneer ons vir Hom moet optrek.

Dr NP Heystek (Wapadrant)